

## LITERATOR: 'n bekendstelling

Hoewel dit sekerlik 'n tyd vir nuwe dinge is as 'n mens aan die skrikkeljaar en die Tagtigs dink, is daar tog 'n ander rede vir hierdie eerste verskyning: tegelyk prakties en idealisties.

Dié bulletin het sy ontstaan te danke aan die behoefte onder die literêre departemente aan die PU vir CHO, naamlik

Algemene Taal- en Literatuurwetenskap

Afrikaans-Nederlands

Bantoetale

Duits

Engels

Frans en

Latyn

om nouer saam te werk by die bepaling van uitgangspunt, oogmerke en werkwyse (kortom wetenskapsbeleid) by die hantering van die letterkunde in die onderrig. By samesprekings van die interdepartementele kommissie wat met die oog hierop saamgestel is, het geblyk hoe min die linkerhand weet van wat die regterhand doen, en hoe min van die werksaamhede van hierdie departemente na buite bekend moet wees.

*Literator* is dan 'n poging om vir mekaar en vir die hele gemeenskap waarin ons werk, 'n beeld te gee van wat ons veral op die gebied van navorsing doen. Daarom word die volgende in vooruitsig gestel: beskouings en oorsigte oor die terrein van die werk in die departemente, uittreksels uit navorsingswerk van dosente en studente, herpublikasie van 'vlugtige' koerantartikels of -resensies en personalia wat betrekking het op vakprestasies van dosente en studente.

Dit moet dan duidelik wees dat hierdie blad nie nóg 'n literêre tydskrif wil wees wat met ander literêre tydskrifte 'kompeteer' nie. Dit wil eerder die werk van hierdie departemente wat in daardie tydskrifte verskyn, bekend stel en ook as mondstuk dien vir die Vereniging van Taal- en Letterkunde aan die PU.

Daarom verskyn *Literator* ook hoogstens drie keer per jaar en wel met beperkte omvang, sodat dit eerder brosjure- as tydskrifformaat behou. Dit word gratis versprei deur die Departement Ontwikkeling van die PU vir CHO, en enigiemand wat dit op gereelde basis wil ontvang, kan die vorm op die agterblad invul en aanstuur, soos aangedui.

Aangename kennismaking!

*D.H. Steenberg.*